**Die Dameskring**
**T** 012 301 1761 **S** 079 515 0873
admin@dameskring.co.za

**www.dameskring.co.za**

1 November 2025

**NASIONALE BIDDAG VIR GESINNE IN SUID-AFRIKA - 17 Mei 2026**
**Amptelike kennisgewing deur Die Dameskring**

'n Internasionale *dag vir gesinne* is reeds in 1993 deur die Verenigde Nasies ingestel om 'n bewustheid te kweek van die uitdagings wat deur gesinne getrotseer word. In ons eie Suid-Afrika wys statistiek dat ongeveer een vyfde (21,3%) van kinders van 17 jaar en jonger nie by hul ouers woon nie. Verder word gesinne ook blootgestel aan geweldsmisdaad, armoede, gebrekkige skoolopleiding en onder-prestasie as probleme. Dit alles dra by tot die verbrokkeling van die gesin – een van die belangrikste boustene van ons samelewing.

Met as doelstelling *die behoud en versterking van die gesin* heg Die Dameskring groot waarde aan die welstand van ons gesinne. Daarom is 'n Nasionale Biddag vir Gesinne in 2019 deur Die Dameskring geïnisieer en word dit jaarliks in samewerking met die Christengemeenskap van Suid-Afrika aangebied.

Dit is verblydend dat die ondersteuning en saambid van verskeie sinodes, kerkgenootskappe en gemeentes elke jaar toeneem. Terugvoer wat uit gemeenskappe ontvang word dui op 'n groter bewustheid van die nood onder gesinne, maar saam daarmee ook die krag van gebed. Gebedsgeleenthede word geskep in formele kerkdienste, maar informele samekomste van kleiner gesinsgroepe, staptogte en kampe skep geleentheid om in afhanklikheid van ons Hemelse Vader saam in gebed te verenig vir hierdie belangrike saak.

Ons wil dus nou reeds weer die Christengemeenskap in Suid-Afrika oproep en inspireer om
**Sondag 17 Mei 2026**
te oormerk as 'n baie spesiale geleentheid waar daar saam gebid sal word vir die behoud en versterking van ons gesinne.

*Ons nooi gemeentes en alle Suid-Afrikaners om hierdie datum aan te teken op kalenders, die boodskap van gebedsgeleenthede te versprei en sáám te bid vir ons gesinne.*

Op **17 Mei 2026** wil ons saam met gesinne kniel om:

- te bid vir die herstel van gesinswaardes,
- te bid vir heling van gebroke gesinne,
- te bid vir geestelike groei in gesinne,
- te bid vir die bewaring van die huwelik,
- te bid vir kwesbare kinders

**Die Dameskring glo in God Drie-enig en soek bo alles die verheerliking van sy naam!**

**Elize Barnardt**
*Die Dameskring President*
**S** 082 829 8133 **E** dkpresident@dameskring.co.za



**Uitvoerende Bestuur:** Elize Barnardt (President), Karin Stoffberg (Vise-President), Ansie von Molendorff, Karin Schoeman, Leandra Bonthuys, Duif Brand, Suzanne Myburgh, Annemie Bosman, Marionette Groenewald, Wilma van der Merwe, Marleese Lemmer, Mariette de Villiers, Chrismari Kleynhans.

Omarm
Die Dameskring
2025 - 2027